Beeldende kuns *Kalender*

# Vindingryke komposisies

deur ELZA MILES *11/12/84*

**FUBA-STUDENTE. In die Fuba-Kunssaal, Wolhuterstraat 66 Newtown, Johannesburg. ☎ (011) 834-7125. Tot Saterdag.**

HIERDIE tentoonstelling gee 'n mens 'n aanduiding van wat die studente in die Fuba-werkwinkel die afgelope jaar gedoen het. Hulle het baie gewerk en die uiteinde van die arbeid is 136 gekeurde stukke vir dié tentoonstelling.

Die gehalte van die werk is nie deurgaans hoog nie. Verder is die aanbieding van die werk ook nie na wense nie. Kan die studente nie meer sorg aan die dag lê by die aanduiding van titels op aparte kaartjies naas die stukke nie?

Die skilderwerk is die swakste op die tentoonstelling en 'n mens wonder hoekom studente nog gemartel moet word met verbeeldinglose rangskikkings vir stillewes? Die droë marakka met sy knoetserige skil naas 'n tradisionele kleipot verseker nie 'n Afrika-sfeer nie en nog minder 'n geslaagde komposisie. Trouens dit is vervelig en opdragte soos dié versmoor enige skeppingsdrang.

Die beste werk op die tentoonstelling is die grafiese werk. 'n Verskeidenheid tegnieke word beoefen en die komposisies is vindingryk. 'n Mens kan net nie verstaan nie hoekom die boeiende *Weaving Machine* nie ook gebruik kon word in 'n skilderoefening nie. Billy Kgobe verken die verskeidenheid van vorm en tekstuur in die voorwerp op 'n treffende manier. Sy ets-akwatint *Soon we shall rule* is dinamies in opset. Die vertikale lyne in die tralies wat die agtergrond vir die drie gevangenes vorm, word die teken van bevryding. Die gees agter die tralies is so sterk dat dit nie ingeperk kan word nie.

Hendrick Sebiloane vertoon ink-en-was portrette asook 'n lyn-ets. In eersgenoemdes val sy vermoë om stemming uit vlekke op te bou op en in laasgenoemde, *Cattle* is die helder lynwerking pure genot.

In die lig van sulke werk aanvaar 'n mens geen verskonings vir die swak skilderwerk en geykte stillewes wat ook vertoon word nie.

## KORTKUNS

### Werkwinkel vir kinders

MICHAEL en Estelle McIlrath reël 'n werkwinkel in beeldende kuns vir kinders wat belangstel. Dit duur vanaf 10 tot 14 Desember. Michael is senior dosent in kunsopvoeding aan die Johannesburgse Onderwyskollege en Estelle het vanjaar die Santam-Prys gekry vir die beste kunsonderwyseres in die land. Belangstellendes kan hulle skakel by ☎ 646-3165.

*18 Des 84*

Beeldende kuns *Kalender*



CLEMENTINA VAN DER WALT

# Eerste vrou op raad

DIE eerste vrou om te dien op die adviserende raad van die Markteater se Kunssaal is Clementina van der Walt.

Sy is 'n dosent in keramiekkuns aan die Skool vir Kuns en Ontwerp van die Witwatersrandse Technikon.

Saam met haar man, Ronnie, het sy die suksesvolle Things-Kunssaal in Melville begin. Hierdie ervaring sal nou baie waardevol wees.

Die ander lede van die raad is Michael Goldberg, Matsemela Manaka, Paul Stopforth en Wolf Weinek. Stopforth – 'n dosent in beeldende kuns aan die Universiteit van die Witwatersrand – is met studieverlof en studeer nou aan die Royal College of Art in Londen.

Van der Walt se werk is vroeër vanjaar op die herdenkingstentoonstelling van Picasso in Vallauris ten toon gestel.

– E.M.

WEDNESDAY

FUB-0002-0003-021